


Modieuse MANDARYNKRAGIES



Mandarynkrabies is 'n **modiefokuspunt** dié seisoen. Met ons patroon kan jy 'n **bloes** of 'n lospassende **baadjie** maak. Kraleborduurwerk daarop maak dit spesiaal. Saamgestel deur Sandra Bodenstein.

ALGEMENE AANWYSINGS

- Werk rafelrande met omkapmasjien of met sigsagsteek van naaimasjien af.
- Gebruik deurgaans bypassende masjien-gare.
- Pars gereeld namate kledingstuk vorder.
- Gebruik middelgewig-Vilene om belegsels en kraag mee te versterk.
- Gebruik blokpatroonpapier – blokkies = 2 x 2 cm – om kleiner diagramme op te vergroot en na te trek en só jou eie papierpatrone te maak. 1 blokkie op diagram = 10 x 10 cm. Plaas patroonbuitelyns op blokke met behulp van kolletjies. Verbind dan met soliede lyn. Blokpatroonpapier is 73 x 98 cm groot.
- Plaas patroondele met RK teen mekaar wanneer nate gestik word.

MATE

Die patroon is ontwerp om te pas vir borsmaat 92 cm. Die rugafmeting van die voltooië kledingstuk is 81 cm.

AFKORTINGS

AP = agterpant; BEL(S) = belegsels; MA = middel agter; MV = middel voor; RK = regte kant; VK = verkeerde kant; VP = voorpant.

MANDARYN-BLOES

JY BENODIG


Klerestof: 2 m x 115 cm of 1,2 m x 150 cm; 10 x 50 cm Vilene; 5 knope.

LOSPASSENDE BAADJIE

Klerestof: 2,3 m x 115 cm of 1,5 m x 150 cm; 10 x 50 cm Vilene; 5 knope.

MAAK SÓ

- Vergroot patroondele volgens aanwysings en knip uit.
- Versterk 1 kraagdeel en BELS met Vilene.
- Bloes: Maak knooppussies – knip strook 3 x 30 cm. Vou 5 mm-soompies by lang sye. Vou lang sye op mekaar en stik op rand vas. Knip in 5 stukke van 6 cm elk. Speld teen RK van regter-VP.
- Stik skouernate toe en maak houstiksel in halsholte.
- Plaas kraagdele op mekaar en stik sy met kurwe toe. Gradeer naat en knip kepies by kurwes. Maak onderstiksel en dop om.
- Pas kraag in halsholte met kraagpunte op MV. Speld vas.
- Stik BEL-skouernate en werk buite rand af. Steek in halsholte en by MV vas en stik. Gradeer naat en knip knippies by holtes. Dop om en maak onderstiksel.
- Stik synate tot 26 cm van soom af toe. Stik met rygstiksel tot by soom. Werk rafelrande af en pars naat oop. Vou soom om na VK en stik vas. Stik tot by spleet, stik paar steke terug en begin weer aan ander kant van spleet.
- Bloes: Werk soompie in aangesnyde mou.
- Baadjie: Stik moue en mou-BELS se onderarmnate toe. Werk mou af met BEL en sit moue in. Maak knoospigate en werk knope vas.



KRALE- EN BORDUURWERK

- Trek ontwerp op deurslagpapier na en dra oor op baadjie se VP en moue. Plaas ontwerp só dat rigting daarvan afwissel.
- Span klerestof in groot borduurraam en werk ontwerp uit in kettingsteek. Gebruik skerppuntnaald. Ons het rou sy gebruik vir baadjie en met DMC-pêrelkatoen nr. 5 geborduur. Gebruik 2 of meer kleure wat by jou klerestof pas.
- Werk los punte aan VK goed weg. Rond ontwerpies af met kraletjies van hout, been of skulp. Werk krale vas met nr. 12 pêrelkatoen in kleur wat so min moontlik wys.



Die klerestof is van QUEENS, (012) 323-6835.

Die bloes en baadjie is eksklusief vir ROOI ROSE gemaak – die bloes deur ANET SCHOEMAN en die baadjie en kraalwerk deur RIANA VAN DER MERWE.

foto's MARK BOW; grimering MARILYN van PROFESSIONAL BOOKINGS; hare AMANDA van PROFESSIONAL BOOKINGS; model JENNÉ van ASHWINS